# Lesing 6 - 1 Desember 2022 - Die kruisigingsgebeure se impak op die Eindtyd-Bruid

Op Golgota Boek 1 - Hoofstuk 5 gedikteer aan Louise Snyder (Christine)
Hoofstuk 7

Vir díe van julle wat al lank oor MY lewe in die hiernamaals wonder is hier nou 'n heerlike stukkie brood beskikbaar.

EK het, nadat EK die Gees gegee het, weer met MY Vader Een geword, wat soveel wil sê as dat **die Liefde, Wysheid en Mag weer verenig het.** Dit was iets wat niemand kon bespeur nie, maar Ek het weereens My **Mathael** se geestesoë geopen en hy het dit as volg sien gebeur, wat hy ook later aan die res van MY gemeente vertel het.

Hy het My Siel in die vorm van 'n duif uit My sien uitgaan en teen 'n bomenslike tempo direk afwaarts gevlieg tot in die dieptes van die aarde. Daar het hy gesien hoedat die Duif met 'n wolf baklei en die wolf sonder slag of stoot oorwin het. Die omstanders wat sy woorde gehoor het, het in raserny uitgebars van die lag en gedink dat hy mal was.

Net My mense wat hom geken het en geweet het wie en wat hy was, het hom geglo en is daardeur getroos na hulle huise toe waar hulle nog steeds oor MY gerou het. Al MY woorde oor MY verlossingsdood het na hulle teruggekeer, maar nog het hulle na MY verlang en gewens dat EK nog geleef het, aangesien elkeen 'n **onbeskryflike leegheid** ervaar het. Die volgende drie dae is dan ook in stilte deurgebring waar hulle al MY woorde diep oordink het. Niemand kon eet nie, al het hulle bymekaar gekom daarvoor. EK was op elkeen se hart en gedagtes en weemoedig het hulle aan spesiale oomblikke saam met MY gedink, wat die harte tot trane geroer het.

Sonder dat hulle daarvan bewus was, was EK elke oomblik by hulle teenwoordig, maar omdat hulle nog so in die vlees geleef het, het hulle dit nie eers besef nie. **EK is ook so by elkeen van julle, maar julle weet dit nie.** Julle bely dit en weet dit selfs, maar julle besef dit nie heeltemal nie. Hoe kan EK die heeltyd teenwoordig wees? **Deur MY Gees wat in julle woon**. Hoe woon MY Gees in julle? **Deur die Liefde wat EK is**.

Dink daaroor na dat as jy reine liefde in jou hart voel vir jou naaste, **EK dan die heel naaste aan jou is**. Daarom sê EK altyd dat jy jou naaste moet liefhê soos jouself, want dan is EK naby. Alles wat jy dan vir jou naaste gedoen het, is asof jy dit dan vir MY gedoen het. En EK is dan teenwoordig, al kan julle MY nie sien nie.

Van julle het al MY teenwoordigheid gevoel en dan ís EK daar. Julle verlang om MY te sien en vas te hou en EK belowe jou dat jy MY teen jou sal vashou en dat jy al jou liefde op MY kan uitstort **as jy Een geword het met MY.** Jy sal dan in volle vreugde met MY wees, net soos My mense was wat MY gesien het en aan wie Ek verskyn het na MY opstanding. EK sal met julle ook Een word soos met MY dissipels wat vol van MY geword het nadat EK opgeneem is en **julle sal ook kragtige dinge kan doen soos wat hulle gedoen het.** Hulle het alles gebied en dit het geskied; deur MY Krag wat EEN met hulle geword het. Streef daarom daarna **om Een met MY te word**, sodat EK ook deur jou kan werk en niemand sal jou gees geblus kry nie, **want dit is MY Gees binne julle**.

EK is met julle elke sekonde, elke minuut en dag, trouens EK is ewig met julle en sal julle nooit verlaat nie, al val die wolf julle aan. En julle moet ook dag en nag aan MY dink en vir julleself sê en voorstel en bowe -als GLO dat EK naby is. Soos wat MY kinders destyds geglo het dat EK teenwoordig is in die Gees, maar hulle het nogtans na MY vlees verlang, omdat hulle nog self vlees was. Behalwe My Mathael, het almal MY gemis, maar hy het in die Gees geleef en daarom kon hy MY deurentyd aanskou.

Amein.

Intrede in die binneste. Robert as nuwe aarts-engel en hemelvors. Sy deemoed en wysheid. Robert se waardigheidstekens

**Hoofstuk 286** Ons tree nou binne in die eerste vertrek, dieselfde vertrek, waar die eens afgeslote deur na toe gelei het, en wat mens eers via die robyne trappe bereik.

[2] Robert en sy helper Peter is sprakeloos van suiwer verbasing. Omdat beide van Uranus afkomstig is (wat Peter egter om goeie redes nog nie weet nie) hou hulle natuurlik baie van bouwerke, veral van sulke reusagtige grotes. Is dit bowendien nog met ooreen-komstige prag en majesteit versier, dan is dit vir hulle iets baie buitengewoon. Beide hou hulle oë op die hoë galerye en die kunstige pilare gerig en merk nouliks iets van die heerlike liefdevolle, **groot hemelgeselskap** wat in Robert `n nuwe aartsengel en die hoof van `n nuwe groot vereniging begroet.

[3] Nou stoot **Helena** vir Robert ewe aan en sê: "Maar liefste Robert, vergaap jy tog nie so aan al die mooi dinge nie! Kyk tog net hoe word jy ontvang!" Na die halwe beswyming kom Robert weer tot homself en sien hoe die mooiste liefdesengele hom op `n rooistralende kussing `n pragtige **kroon** aanreik en `n **septer** van deursigtige goud, wat `n glans soos van `n opgaande son versprei; en ten slotte ook `n **swaard**, wat deur `n onblusbare vlam omgewe word.

[4] Die oorhandigers van hierdie waardigheidstekens buig nou voor Robert-Uraniël en sê vriendelik: "Sien hier, liewe, voortreflike broeder, ontvang die regmatige beloning, **wat die Vader jou al vanaf die begin van die wêreld berei het!** Terwille van die leer van Christus, het jy op aarde tot `n martelaar geword, Jy kon dit wel voorkom het, maar jy wou dit nie, en daarom was jy `n martelaar vanweë die korrekte

**betekenis van die suiwer leer van Jesus, ons God, ons liefdevolle en heilige Vader van die ewigheid.**

[5] Op aarde het jy weliswaar nie geglo dat Jesus, gebore te Bethlehem - deur jou die wyse van Nasaret genoem - God die Heer Self was nie. Maar jy het tog baie besonder van hierdie wyse gehou en in jou hart het jy wel sy Goddelikheid ingesien, hoewel jou verstand nie daarmee wou instem nie. En **deur hierdie liefde behou jy Sy liefde en genade,** wat jou nou tot `n groot vors van die hemele maak. Aanvaar daarom nou kroon, septer en swaard; tekens van **krag, mag, liefde, wysheid en regverdigheid** en word `n wyse vors van jou nuwe gemeenskap! Die Heer het jou geseën en wil dit so hê!"

[6] **Robert**, totaal oorbluf oor hierdie verskyning, sê met diepe deemoedigheid: "My liewe hemelse vriende en vriendinne, as julle my, in plaas van hierdie koninklike waardigheidstekens, die van `n skoenpoetser aangebied het, dan sou ek dit met die grootste ontroering aangeneem het, maar hierdie, vir geen prys van die hemele nie! As die Heer en Koning van die hemel en alle wêrelde geen kroon, septer of swaard dra nie, waarom dan ek as arme sondaar wel? Kyk daar. Naas my staan drie keisers, wat al op aarde gewoond was om krone te dra. Reik die kentekens vir hulle aan, hulle sal nie daardeur verwaand word nie. Maar ek sou daardeur ten slotte verwaand kon word en dit sou regtig geen wins vir my beteken nie, nóg vir julle en die gemeenskap, **nóg vir die Godsryk in my hart. Die laaste is my egte huis**, waar ek leiding moet gee by die ordening en in die Naam van die Heer en Vader. Laat daarom agterweë, wat my ewig nie toekom nie!"

[7] Die **engele** sê: "Vriend, dit is die wil van die Heer! Wil jy jou daarteen verset?" Terwyl hy op My wys, sê **Robert**: "My Heer en my God het nog niks gesê nie! As Hy dit vir my sal sê, sal ek dit verseker doen, maar nie sonder Sy Woord nie. Want Hy alleen is alles vir my, sonder Hom beteken alle hemele niks vir my nie! Daar staan geskrywe: "Julle moet almal deur God onderrig word. Wie nie deur die Vader opgevoed word nie, deug nie vir die hemel nie, en kom nie tot die Seun nie, wat die ewige ryk is van die Vader!"

[8] Die **draers** van die waardigheidstekens kom na My toe en sê: "Vader, wat moet ons nou doen? Hy neem hierdie onderskeidings nie aan nie!" **Ek** sê: "Wil hy bly soos Ek, gee dit dan maar op, want hier bestaan ewig geen dwang nie, maar volledige onvoorwaardelike vryheid. Hierdie broeder is egter geen alledaagse gees nie. Soos wat hy is, is daar maar weinig, daarom moet ons van hom ook iets goed vind. Plaas hierdie waardigheidstekens in sy kamer; **as dit nodig sal wees, sal hy hulle wel gebruik**. Bring nou egter vir die drie aardse vorste hulle eie krone, septers, swaarde en purper! Laat dit so wees!"